

Maandag 29 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 6:14-15

Trek waarheid, vryspraak en bereidheid vir die evangelie as wapenrusting aan

Paulus ken die prentjie van 'n Romeinse soldaat wat moet vasstaan in die stryd met baie verdedigingswapens en die swaard as aanvalswapen.

Daar word ses dele van die wapenrusting beskryf, en die eerste is die waarheid as gordel. Die gordel was gebruik om die klere op te bind om so gemaklik te kan beweeg en as belt om die swaard in te druk. Die gordel was simbool van krag en vertroue. Die waarheid beteken hier om leuens bloot te lê, maar ook eerbaarheid, betroubaarheid en integriteit.

Die borsharnas is gebruik om die belangrikste organe van voor en agter te beskerm, en hier is vryspraak die borsharnas. God het ons in die regte verhouding tot Hom in Christus gestel, ons sy geregtigheid gegee – en só beskerm sy vryspraak ons. Die duiwel maak ons dikwels vol twyfel oor ons verlossing en ons ewige lewe by God, en ons beste wapen om ons hierteen te verdedig, is die sekerheid dat ons reeds in die regte verhouding met God lewe en in die laaste oordeel finaal vrygespreek sal word.

Die volgende wapen is die bereidheid vir die evangelie as skoene. Hierdie skoene is van leer gemaak, die tone oop, met swaar en stewige sole en gebind om die enkels en voete. Die soldaat kon ver stap en vasstaan in 'n geveg. Dit is vir ons die bereidheid om die evangelie ons eie te maak en te verkondig. Die evangelie se inhoud is vrede, want Christus is ons Vrede. Met hierdie wapen kan ons vrees en onsekerheid in moeilike tye beveg.

Sing: Skrifberyming 14-3:2

Prof. BJ (Ben) de Klerk